Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

**AFRIKAANS HUISTAAL GRAAD 3**

Hersiene Nasionale Onderrigplan

## RIGLYNE OOR HOE OM DIE AANGEPASTE KURRIKULUM VIR TALE IN GRONDSLAGFASE TE GEBRUIK:

**Let op die volgende:**

1. Die kurrikulum is aangepas om die kernkonsepte en vaardighede aan te spreek.
2. Al die vaardighede word versprei oor die gegewe tyd. Vaardighede en kennis word dwarsdeur die week herhaal, sodat geen leerder benadeel word as hy nie elke dag skool toe gaan nie.
3. Inhoud word oor 'n paar weke gestig
4. Vir Graad 2 en 3 word die eerste drie weke opsy gesit vir die inhaal en konsolidasie van die vorige graad se inhoud. As 'n skool dit nie nodig vind nie, moet hulle KABV volg vanaf die eerste kwartaalinhoud.
5. Daar moet 'n sterk integrasie tussen al die vakke wees.
6. Alle Onderwerpe in Taal is geïntegreer en daaglikse aktiwiteite is nie tydspesifiek nie maar word deur die dag gebruik.
7. Lees moet voldoen aan die volgende: **Lees- en Skryffokustyd (KABV).** Hierdie aanmanings word hierby ingesluit aangesien daar blykbaar verskillende interpretasies is van wat bedoel word met die lees- en skryffokustyd in KABV.
   - Die **Lees- en Skryffokustyd** is 'n streng geïntegreerde tyd (ongeveer een uur) waarin Gedeelde Lees en dan Gedeelde Skryf in die eerste 15 minute plaasvind. Daarna, maar ook gekoppel aan die vaardighede wat aangeleer is in die gedeelde lees / gedeelde skryfproses, word daar op woord- en sinsvlak gewerk (bv. Klanke). Dit duur ongeveer tien minute.
   - Daarna word Groep Begeleide Lees gedoen en leerders word in groepe volgens hulle leesvermoë gegroepeer.
   - Tydens die Lees- en Skryffokustyd word die grondslag gelê vir die bemeestering van die vaardighede wat benodig word vir gepaarde lees, onafhanklike lees en onafhanklike skryfwerk wat BUITE die Lees- en Skryffokustyd val.
   - Die kernvaardighede en kennis van die verskillende gebiede ondersteun dit en dit staan nie alleen nie
8. Wanneer groepwerk gedoen word, moet sosiale afstand distansiëring gehandhaaf word.
9. Onderwysers moet in kommunikasie bly met onderwysers van vorige grade (indien moontlik) sodat daar geen leemtes kan ontstaan in die oorgang tussen grade nie.

## RIGLYNE VIR ASSESSERING: BASISLYNASSESSERING / GEREEDHEIDSASSESSERING:

- Dit moet gedurende week 2 en 3 na die terugkeer na die skool gedoen word. Laat die leerders toe om gevestig te raak in hul nuwe klasse voordat hulle met enige assessering begin.
- Basislynaktiwiteite moet nie alleenstaande wees nie, maar moet geïntegreer word in die onderrig- en leerproses.
- Dit moet informeel en meestal deur waarneming en mondeling gedoen word.
- Die assesseringsaktiwiteite sal op die vorige graad se inhoud fokus.
- Die doel van die aktiwiteite is om die vlak van die leerders te bepaal om die onderrig- en leerproses vir die pad vorentoe te bepaal.
- Die onderwyser kan waar moontlik die assessering van vaardighede kombineer.
- Alle vaardighede is ingesluit, ongeag of dit in 2020 onderrig is. Onderwysers kan hulle diskresie gebruik as hulle nie alles wil assesseer nie.

## SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING:

- Assessering vind op 'n deurlopende basis in die grondslagfase plaas.
- Assessering kan slegs plaasvind op inhoud wat aangeleer is.
- Die Verkorte Afdeling 4 moet vir alle assessering gebruik word.

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

## 2021 Jaarlikse Onderrigplan – Kwartaal 1: VAK: Afrikaans Huistaal Graad 3

| **KABV Onderwerp** | **LUISTER EN PRAAT**<br>**Minimum Tyd: 45 min per week (3 x 15 min)**<br>**Maksimum Tyd: 1 uur per week (4 x 15 mins** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1**<br>**45 dae** | **Week 1**<br>**(3 dae)** | **Week 2** | **Week 3** | **Week 4 & Week 5** | **Week 6 & Week 7** | **Week 8 & Week 9**<br>**(4 dae)** | **Week 10**<br>**(3 dae)** |
| **Kernkonsepte, Vaardighede en Waardes** | • Gesels oor persoonlike ervarings. Vertel nuus wat gevoelens en menings uitdruk<br>• Luister sonder om te onderbreek, toon respek vir die spreker en neem beurte om te praat<br>• Luister na 'n ingewikkelde reeks instruksies en reageer op gepaste wyse | • Gesels oor persoonlike ervarings. Vertel nuus wat gevoelens en menings uitdruk<br>• Luister sonder om te onderbreek, toon respek vir die spreker en neem beurte om te praat<br>• Beantwoord oop vrae en motiveer die antwoord bv. "Waarom sê jy so?"<br>• Gebruik gepaste taal wanneer daar met maats en volwassenes gepraat word<br>• ***Basislynassessering*** | • Gesels oor persoonlike ervarings. Vertel nuus wat gevoelens en menings uitdruk<br>• • Luister na 'n ingewikkelde reeks instruksies en reageer op gepaste wyse<br>• Luister na die hoofgedagte en besonderhede in verhale<br>• Beantwoord oop vrae en motiveer die antwoord bv. "Waarom sê jy so?"<br>• Stel oplossings vir 'n problem voor veral tydens Wiskunde<br>• ***Basislynassessering*** | • Gesels oor persoonlike ervarings. Vertel nuus wat gevoelens en menings uitdruk<br>• Luister na 'n ingewikkelde volgorde van instruksies (ten minste 4) en reageer op gepaste wyse<br>• Luister na die hoofgedagte en na besonderhede in verhale en beantwoord vrae van hoër orde, byvoorbeeld: 'Dink jy die titel is die beste een vir hierdie verhaal? Waarom? ”<br>• Stel vrae ter verduideliking en lewer kommentaar op wat gehoor is, bv.<br>'Het dit regtig gebeur? Wat het jy toe gedoen? '<br>• Deel gevoelens oor 'n teks en gee redes, bv. 'Ek voel regtig dat die skrywer 'n gelukkiger einde aan die verhaal sou kon gee. Die dolfyn het so hard probeer om te ontsnap'.<br>• Stel oplossings vir 'n probleem voor veral tydens Wiskunde | • Gesels oor persoonlike ervarings. Vertel nuus wat gevoelens en menings uitdruk<br>• Stel vrae ter verduideliking en lewer kommentaar oor wat gehoor is, bv. “Het dit regtig gebeur? Wat het jy toe gedoen?<br>• Deel gevoelens oor 'n teks en gee redes, bv. 'Ek voel regtig dat die skrywer 'n gelukkiger einde aan die verhaal sou kon gee. Die dolfyn het so hard probeer om te ontsnap'.<br>• Stel oplossings vir 'n problem voor veral tydens Wiskunde<br>• Neem deel aan besprekings, stel vrae en toon sensitiwiteit vir ander se gevoelens<br>• Gebruik gepaste taal wanneer daar met maats en volwassenes gepraat word. | • Gesels oor persoonlike ervarings. Vertel nuus wat gevoelens en menings uitdruk<br>• Luister sonder om te onderbreek, toon respek vir die spreker en neem beurte om te praat<br>• Deel gevoelens oor 'n teks en gee redes, bv. 'Ek voel regtig dat die skrywer 'n gelukkiger einde aan die verhaal sou kon gee. Die dolfyn het so hard probeer om te ontsnap'.<br>• Stel oplossings vir 'n probleem voor veral tydens Wiskunde<br>• Neem deel aan besprekings, stel vrae en toon sensitiwiteit vir ander se gevoelens<br>• Beantwoord vrae en gee redes vir die antwoord | **HERSIENING**<br>• Gesels oor persoonlike ervarings. Vertel nuus wat gevoelens en menings uitdruk<br>• Luister sonder om te onderbreek, toon respek vir die spreker en neem beurte om te praat<br>• Beantwoord vrae en gee redes vir die antwoord |

| **KABV Onderwerp** | **KLANKE**<br>**Minimum Tyd: 1 hour per week (4 x 15 mins)**<br>**Maksimum Tyd: 1 hour 15 mins per week (5 x 15 mins)** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Term 1**<br>**45 dae** | **Week 1**<br>**(3 dae)** | **Week 2** | **Week 3** | **Week 4 & Week 5** | **Week 6 & Week 7** | **Week 8 & Week 9**<br>**(4 dae)** | **Week 10**<br>**(3 dae)** |
| **Kernkonsepte, Vaardighede en Waardes** | • Hersien die enkel klanke en die konsonant- en vokaalverbindings wat in Graad 2 geleer is<br>• Identifiseer klank en letter verhoudings van alle enkel letters | • Hersien die enkel klanke en die konsonant- en vokaalverbindings wat in Graad 2 geleer is<br>• Identifiseer klank en letter verhoudings van alle enkel letters<br>• Bou woorde met klanke<br>• ***Basislynassessering*** | • Herken en gebruik drieletterkombinasies van konsonante aan die begin van woorde soos: str- in strooi, skr- in skryf en spr- in spraak<br>• Herken drieklanke wat in Graad 2 geleer is, soos 'ooi' 'aai' 'eeu'<br>• Bou worde met klanke<br>• Herken en gebruik rymwoorde soos blaas, klaas, plaas<br>• Leer om tien woorde per week te spel wat geneem is uit klanklesse en sigwoorde<br>• ***Basislynassessering*** | • Herken en gebruik tweeletter kombinasies van konsonante aan die einde van die woorde soos –ng, -nk, -ld<br>• Herken en gebruik rymwoorde soos ring, ding, sing<br>• Bou woorde van 3, 4 en 5 letters met behulp van die konsonant- en vokaalverbindings wat hierdie kwartaal geleer is<br>• Leer om tien woorde per week te spel wat geneem is uit klanklesse en sigwoorde | • Sorteer letters en woorde in alfabetiese volgorde<br>• Spel korrek met behulp van klank kennis<br>• Leer om tien woorde per week te spel wat geneem is uit klanklesse en sigwoorde<br>• Skryf drie kort sinne wat deur onderwyser gedikteer word | • Bou woorde van 3, 4 en 5 letters met behulp van die konsonant- en vokaalverbindings wat hierdie kwartaal geleer is<br>• Spel korrek met behulp van klank kennis<br>• Leer om tien woorde per week te spel wat geneem is uit klanklesse en sigwoorde<br>• Skryf drie kort sinne wat deur onderwyser gedikteer word | **HERSIENING**<br>• Herken en gebruik rymwoorde soos dans, kans, Frans<br>• Bou woorde van 3, 4 en 5 letters met behulp van die konsonant- en vokaalverbindings wat hierdie term geleer is<br>• Spel korrek met behulp van klank kennis |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON **ECOLEBOOKS.COM**

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

| KABV Onderwerp | | **LEES**<br>***Dit is belangrik om Punt 7 in die riglyne op die eerste bladsy te lees.*** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Term 1**<br>**45 dae** | | **Week 1**<br>**(3 dae)** | **Week 2** | **Week 3** | **Week 4 & Week 5** | **Week 6 & Week 7** | **Week 8 & Week 9**<br>**(4 dae)** | **Week 10**<br>**(3 dae)** |
| **Kernkonsepte, Vaardighede en Waardes** | **Lees** | • Lees instruksies in die klaskamer<br>• Beantwoord hoërordevrae wat op 'n geleesde teks baseer is | • Lees instruksies in die klaskamer<br>• Gebruik visuele leidrade om oor 'n grafiese teks te praat<br>• Beantwoord hoërordevrae wat op 'n geleesde teks baseer is<br>• ***Basislynassessering*** | • Lees instruksies in die klaskamer<br>• Gebruik visuele leidrade om oor 'n grafiese teks te praat<br>• Herken aanhalingstekens wat direkte spraak in geskrewe verhale aanwys<br>• ***Basislynassessering*** | Wys die vyfvingerstrategie waar elke vinger 'n strategie voorstel wat die leser kan gebruik om stelselmatig uit te werk hoe om 'n onbekende woord en die betekenis daarvan te lees, aan die leerders<br>*Die volgende inligting is geneem uit The Teacher's Handbook: Teaching Reading in the Early Grades (Januarie 2008), Departement van Onderwys*<br>1. Duim: Laat die woord uit en lees dit aan die einde van die sin<br>2. Eerste vinger: Kyk na die prente en die opskrif<br>3. Tweede vinger: Vra jouself af of daar dele van die woord is wat jy herken<br>4. Ringvinger: Klank die woord uit<br>5. Pinkie: Vra jou onderwyser wat die woord beteken<br>• Lees instruksies in die klaskamer<br>• Lees verskillende gedigte rondom 'n onderwerp en bespreek dit (beide vorm en betekenisse)<br>• Herken aanhalingstekens wat direkte spraak in geskrewe verhale aanwys<br>• Gebruik visuele aanwysings om oor 'n grafiese teks te praat, kyk byvoorbeeld na 'n foto en bespreek waaroor dit gaan, waar dit geneem is, ens. | | | |

ÉcoleBooks

| **KABV Onderwerp** | | **LEES**<br>**Gedeelde Lees: Minimum Tyd: 1 uur per week (3 x 20 min)**<br>**Maksimum Tyd: 1 uur 15 min per week (5x 15mins)** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1**<br>**45 dae** | | **Week 1**<br>**(3 dae)** | **Week 2** | **Week 3** | **Week 4 & Week 5** | **Week 6 & Week 7** | **Week 8 & Week 9**<br>**(4 dae)** | **Week 10**<br>**(3 dae)** |
| **Kernkonsepte, Vaardighede en Waardes** | **Gedeelde Lees** | • Lees vergrote teks soos 'n groot boek saam met die onderwyser<br>• Beantwoord hoërordevrae voor, tydens en na die lees van 'n gedeelde teks, byvoorbeeld: "Wat dink jy gaan volgende gebeur? Waarom sê jy so? ” | • Lees vergrote teks soos 'n groot boek saam met die onderwyser<br>• Beantwoord hoërordevrae voor, tydens en na die lees van 'n gedeelde teks, byvoorbeeld: "Wat dink jy gaan volgende gebeur? Waarom sê jy so?” Fokus op die konsep vn geskrewe or gedrukte teks.<br>• ***Basislynassesseri ng*** | • Lees vergrote teks soos 'n groot boek saam met die onderwyser<br>• Beskryf die hoofkarakter en die hoofgedagte<br>• Fokus op tekskenmerke<br>• ***Basislynassessering*** | • Hele klas lees die boek saam met die onderwyser (gedeelde lees) en beskryf die hoofgedagte en die hoofkarakters<br>• Beantwoord hoërordevrae voor, tydens en na die lees van 'n gedeelde teks, byvoorbeeld: "Wat dink jy gaan volgende gebeur? Waarom sê jy so? ”<br>• Herken aanhalingstekens wat direkte spraak in geskrewe verhale aanwys<br>• Fokus op<br>- teks funksies<br>- taalpatrone<br>- begrip op verskillende vlakke | • Hele klas lees die boek saam met die onderwyser (gedeelde lees) en beskryf die hoofgedagte en die hoofkarakters<br>• Beantwoord hoërordevrae voor, tydens en na die lees van 'n gedeelde teks, byvoorbeeld: "Wat dink jy gaan volgende gebeur? Waarom sê jy so? ”<br>• Fokus op<br>- klanke<br>- woordidentifiseringstrategieë<br>- begrip op verskillende vlakke | • Hele klas lees die boek saam met die onderwyser (gedeelde lees) en beskryf die hoofgedagte en die hoofkarakters<br>• Beantwoord hoërordevrae voor, tydens en na die lees van 'n gedeelde teks, byvoorbeeld: "Wat dink jy gaan volgende gebeur? Waarom sê jy so? ”<br>• Fokus op<br>- teks funksies<br>- taalpatrone<br>- begrip op verskillende vlakke | **HERSIENING**<br>• Hele klas lees die boek saam met die onderwyser (gedeelde lees) en beskryf die hoofgedagte en die hoofkarakters |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON **ECOLEBOOKS.COM**

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

| KABV Onderwerp | | **LEES**<br>**Groep Begeleide Lees : 2 ure 30 min per week ( 2 x 15 minute per dag) (2 groepe daagliks)**<br>**Onafhanklike Lees / Gepaarde Lees: 3 x 'n week** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1**<br>**45 dae** | | **Week 1**<br>**(3 dae)** | **Week 2** | **Week 3** | **Week 4 & Week 5** | **Week 6 & Week 7** | **Week 8 & Week 9**<br>**(4 dae)** | **Week 10**<br>**(3 dae)** |
| **Kernkonsepte, Vaardighede en Waardes** | **Groep Begeleide Lees** | • Bou 'n sigwoordeskat op | • Lees stil en hardop uit eie boek in 'n begeleide leesgroep saam met die onderwyser, dit wil sê die hele groep lees dieselfde verhaal op die groep se leesvlak.<br>• Gebruik klank- en kontekstuele dekoderingsvaardighede tydens stil en hardop lees<br>• Gebruik selfkorrigerende strategieë tydens lees: herlees, breek woorde op, 'n woord oefen voordat dit hardop gesê word<br>• ***Basislynassessering*** | • Lees stil en hardop uit die eie boek in 'n begeleide leesgroep saam met die onderwyser, dit wil sê die hele groep lees dieselfde verhaal op die groep se strukturele leesvlak.<br>• Gebruik klank- en kontekstuele dekoderingsvaar-dighede tydens stil en hardop lees<br>• Self-monitor woordherkenning en begrip tydens hardoplees<br>• Toon begrip vir leestekens (punte, vraagtekens, uitroeptekens, aanhalings-tekens) tydens hardoplees<br>• ***Basislynassessering*** | • Lees stil en hardop uit die eie boek in 'n begeleide leesgroep saam met die onderwyser, dit wil sê die hele groep lees dieselfde verhaal op die groep se strukturele leesvlak.<br>• Gebruik klank- en kontekstuele dekoderingsvaar-dighede tydens stil en hardop lees<br>• Gebruik selfkorrigerende strategieë tydens lees: herlees, breek woorde op, 'n woord oefen voordat dit hardop gesê word<br>• Self-monitor woordherkenning en begrip tydens hardoplees<br>• Toon begrip vir leestekens (punte, vraagtekens, uitroeptekens, aanhalings-tekens) tydens hardoplees | • Lees stil en hardop uit die eie boek in 'n begeleide leesgroep saam met die onderwyser, dit wil sê die hele groep lees dieselfde verhaal op die groep se strukturele leesvlak.<br>• Gebruik klank- en kontekstuele dekoderingsvaar-dighede tydens stil en hardop lees<br>• Gebruik selfkorrigerende strategieë tydens lees: herlees, breek woorde op, 'n woord oefen voordat dit hardop gesê word<br>• Self-monitor woordherkenning en begrip tydens hardoplees<br>• Toon begrip vir leestekens (punte, vraagtekens, uitroeptekens, aanhalings-tekens) tydens | • Lees stil en hardop uit die eie boek in 'n begeleide leesgroep saam met die onderwyser, dit wil sê die hele groep lees dieselfde verhaal op die groep se strukturele leesvlak.<br>• Gebruik klank- en kontekstuele dekoderingsvaar-dighede tydens stil en hardop lees<br>• Gebruik selfkorrigerende strategieë tydens lees: herlees, breek woorde op, 'n woord oefen voordat dit hardop gesê word<br>• Self-monitor woordherkenning en begrip tydens hardoplees<br>• Toon begrip vir leestekens (punte, vraagtekens, uitroeptekens, aanhalings-tekens) tydens hardoplees | **HERSIENING**<br>• Lees stil en hardop uit die eie boek in 'n begeleide leesgroep saam met die onderwyser, dit wil sê die hele groep lees dieselfde verhaal op die groep se strukturele leesvlak.<br>• Toon begrip vir leestekens (punte, vraagtekens, uitroeptekens, aanhalings-tekens) tydens hardoplees |
| | **Onafhank-like Lees** | **Kies tekste wat bekend is of op die onafhanklike leesvlak van die leerder is (eenvoudiger as dié wat in gedeelde lees gebruik word met meer as 95% akkurate woordherkenning tydens die lees van die teks)**<br>• Lees onafhanklik: prenteboeke en eenvoudige storieboeke<br>• Speel leesspeletjies soos *Snap en Scrable* en voltooi blokkiesraaisels om lees- en woordeskatvaardighede te versterk | | | | | | |

| KABV Onderwerp | **SKRYFWERK** ***(Gedeelde, Groep, Onafhanklik)***<br>**Tyd: 1 uur per week (3 x 20 min)** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1**<br>**45 dae** | **Week 1**<br>**(3 dae)** | **Week 2** | **Week 3** | **Week 4 & Week 5** | **Week 6 & Week 7** | **Week 8 & Week 9**<br>**(4 dae)** | **Week 10**<br>**(3 dae)** |
| **Kernkonsepte, Vaardighede en Waardes** | • Teken prente en skryf sinne om begrip van 'n verhaal te toon<br>• Gebruik korrekte leestekens<br>• Bou eie woordbank en persoonlike woordeboek met behulp van die eerste letter van woorde soos appel, boek, doek, ens. | • Skryf eie nuus<br>• Plaas gebeure in die teks in volgorde met behulp van woorde soos Eers, Daarna en Uiteindelik<br>• Spel bekende woorde korrek en probeer om onbekende woorde met behulp van klanke kennis te spel<br>• Bou eie woordbank en persoonlike woordeboek met behulp van die eerste letter van woorde soos appel, boek, doek, ens.<br>• ***Basislynassessering*** | • Skryf ten minste een paragraaf van agt sinne soos eie nuus of kreatiewe verhaal<br>• Skryf woorde om 'n sin te vorm met hoofletters, punte, vraagtekens, komma's, uitroeptekens en aanhalingstekens<br>• Gebruik fonetiese kennis en spelreëls om onbekende woorde te skryf<br>• Bou eie woordbank en persoonlike woordeboek met behulp van die eerste letter van woorde soos appel, boek, doek, ens.<br>• ***Basislynassessering*** | • Dra idees, woorde en sinne by vir 'n klasverhaal (gedeelde skryfwerk)<br>• Skryf ten minste een paragraaf van agt sinne soos eie nuus of kreatiewe verhaal<br>• Skryf instruksies bv. aan 'n vriend<br>• Skryf woorde om 'n sin te vorm met hoofletters, punte, vraagtekens, komma's, uitroeptekens en aanhalingstekens<br>• Gebruik fonetiese kennis en spelreëls om onbekende woorde te skryf<br>• Bou eie woordbank en persoonlike woordeboek met behulp van die eerste letter van woorde soos appel, boek, doek, ens. | • Dra idees, woorde en sinne by vir 'n klasverhaal (gedeelde skryfwerk)<br>• Teken prente en skryf sinne om begrip van die verhaal te toon<br>• Gebruik 'n prentjie om 'n onderwerp te kies om oor te skryf<br>• Beplan skryfwerk deur met 'n maat te praat<br>• Stel vrae om die skryfwerk te definieer<br>• Gebruik korrekte voornaamwoorde bv. Anna sê / sy sê, Koos loop / hy loop<br>• Gebruik fonetiese kennis en spelreëls om onbekende woorde te skryf<br>• Bou eie woordbank en persoonlike woordeboek met behulp van die eerste letter van woorde soos appel, boek, doek, ens. | • Dra idees, woorde en sinne by vir 'n klasverhaal (gedeelde skryfwerk)<br>• Skryf ten minste een paragraaf van agt sinne soos eie nuus, kreatiewe verhaal, beskrywing van 'n voorval / eksperiment<br>• Skryf woorde om 'n sin te vorm met hoofletters, punte, vraagtekens, komma's, uitroeptekens en aanhalingstekens<br>• Gebruik fonemiese kennis en spelreëls om onbekende woorde te skryf<br>• Gebruik die teenwoordige, verlede en toekomende tyd korrek<br>• Bou eie woordbank en persoonlike woordeboek met behulp van die eerste letter van woorde soos appel, boek, doek, ens. | **HERSIENING**<br>• Skryf en illustreer sinne (ses tot agt sinne) oor 'n onderwerp om by te dra tot 'n boek vir die klas<br>• Gebruik fonetiese kennis en spelreëls om onbekende woorde te skryf |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON **ECOLEBOOKS.COM**

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

| KABV Onderwerp | HANDSKRIF<br>Tyd: 1 uur per week (4 x 15 min) | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kwartaal 1<br>45 dae** | **Week 1<br>(3 dae)** | **Week 2** | **Week 3** | **Week 4 & Week 5** | **Week 6 & Week 7** | **Week 8 & Week 9<br>(4 dae)** | **Week 10<br>(3 dae)** |
| **Kernkonsepte, Vaardighede en Waardes** | • Kopieer en skryf ten minste twee letters in lopende skrif<br>• Kopieer en skryf kort woorde in lopende skrif<br>• Kopieer en skryf kort sinne in lopende skrif | • Vorm klein en hoofletters in lopende skrif<br>• Gebruik skryfbehoeftes effektief: potlood, uitveër, liniaal<br>• Skryf kort woorde in lopende skrif<br>• ***Basislynassessering*** | • Vorm klein en hoofletters in lopende skrif<br>• Gebruik skryfbehoeftes effektief: potlood, uitveër, liniaal<br>• Skryf kort woorde in lopende skrif<br>• Spasieer woorde korrek in lyne<br>• ***Basislynassesseri ng*** | • Vorm alle kleinletters en hoofletters in lopende skrif en begin om verskillende letters bymekaar te voeg om woorde in lopende skrif te vorm<br>• Gebruik skryfbehoeftes effektief: potlood, uitveër, liniaal<br>• Skryf kort woorde in lopende skrif<br>• Spasieer woorde korrek in lyne<br>• Skryf 'n sin leesbaar en korrek in drukskrif sowel as lopende skrif | • Vorm alle kleinletters en hoofletters in lopende skrif en begin om verskillende letters bymekaar te voeg om woorde in lopende skrif te vorm<br>• Gebruik skryfbehoeftes effektief: potlood, uitveër, liniaal<br>• Skryf kort woorde in lopende skrif<br>• Spasieer woorde korrek in lyne<br>• Skryf 'n sin leesbaar en korrek in drukskrif sowel as lopende skrif | • Vorm alle kleinletters en hoofletters in lopende skrif en begin om verskillende letters bymekaar te voeg om woorde in lopende skrif te vorm<br>• Gebruik skryfbehoeftes effektief: potlood, uitveër, liniaal<br>• Skryf kort woorde in lopende skrif<br>• Spasieer woorde korrek in lyne<br>• Skryf 'n sin leesbaar en korrek in drukskrif sowel as lopende skrif | **HERSIENING**<br>• Skryf 'n sin leesbaar en korrek in drukskrif sowel as lopende skrif |

ÉcoleBooks

| Vereiste voorafkennis | **Graad 2 kernkonsepte, kennis en waardes** | |
|---|---|---|
| **Hulpbronne** (behalwe handboek**) om leer te verbeter** | • Leesreekse<br>• Flitskaarte<br>• DBO Werkboeke<br>• Groot Boeke<br>• Prente<br>• Plakkate | |
| **ASSESSERING** | **GEREEDHEIDSASSESSERING** | • Die aktiwiteite moet tydens daaglikse lesaktiwiteite in Tale waargeneem en beoordeel word.<br>• Elke vaardigheid is nie bedoel om 'n assesseringsaktiwiteit te wees nie, maar moet verseker dat die leerders geleenthede kry om mondelings en prakties hierdie vaardighede te demonstreer |
| **SGA** | **KWARTAAL 1 ASSESSERING** | • Die aktiwiteite moet tydens daaglikse lesaktiwiteite in Tale waargeneem en beoordeel word.<br>• Elke vaardigheid is nie bedoel om 'n assesseringsaktiwiteit te wees nie, maar moet verseker dat die leerders geleenthede het om hierdie vaardighede mondeling, prakties en skriftelik te demonstreer.<br>• Assessering kan slegs plaasvind as die konsepte geleer is en leerders genoeg tyd het om te oefen.<br>• Die assessering van mondelinge aktiwiteite moet, waar moontlik, met Lewensvaardighede en Wiskunde geïntegreer word<br>• Assessering is 'n deurlopende beplande proses om inligting oor die vordering en prestasies van leerders in die ontwikkeling van kennis, vaardighede en houdings in te samel, aan te teken, te interpreteer, te gebruik en te rapporteer.<br>• Dit is ook belangrik om daarop te let dat elke assesseringstaak nie as 'n enkele gebeurtenis of toets gesien moet word nie, maar ten alle tye aan die beginsels van deurlopende assessering moet voldoen.<br>**LUISTER EN PRAAT**<br>• Neem deel aan besprekings, stel vrae en toon sensitiwiteit vir ander se gevoelens<br><br>**KLANKE**<br>• **Mondelings en Geskrewe**: Maak woorde met konsonantverbindings (bl, br, kl, sw) **(Leesfokustyd)**<br>• **Prakties en Geskrewe**: Sorteer woorde in alfabetiese volgorde<br><br>**Lees**<br>• **Mondelings:** Groep Begeleide Lees (GBL) Gebruik sigwoorde, dekoderingsvaardighede (strukturele analises, kontekstuele leidrade, mondelinge leesvlotheid) om tekste onafhanklik te kan lees **(Leesfokustyd)**<br>• **Skryfwerk:** Werkkaarte - fiksie of nie-fiksie teks **(Leesfokustyd)**<br>• **Begripsvaardighede (Leesfokustyd)**<br>- Letterlike vrae<br>- Voorspelling<br>- Herorganisasie: herorden gebeure in volgorde<br>- Afleidings: Wat, waarom, hoe<br>- Evaluasie<br>**SKRYFWERK**<br>• Dra idees en woorde by vir 'n klasverhaal (Gedeelde skryfwerk) **(Leesfokustyd)**<br>• Skryf twee paragrawe (8 sinne) oor 'n onderwerp |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

| | | |
|---|---|---|
| | | **HANDSKRIF**<br>• Kopieer en skryf woorde en kort sinne in lopende skrif<br>• Prakties en skriftelik: rangskik woorde in alfabetiese volgorde |